

## Die Vywers van Stilbaai

CHTD Heese (circa 1930)

Uit die oue reisverhale van die eerste Europeane in S.A. blyk dat die inboorlinge, die Khoisan - 'n gesamentlike naam vir Boesman, Strandloper en Hottentot - die visvangs beoefen het. Verskillende toestelle van hout, klip en ook kleine nette word daarby gebruik, in riviere en langs die kus. In plaas van die gevlegde houtfuike in die rivier, word aan die seestrand klippe in halfsirkelvorm opgestapel, gewoonlik waar die seegrond met 'n sagte helling dieper word. Die klippe is gewoonlik van die afgeslyte strandsoort, wat aan die branders minder vatplek gee om hulle omver te gooi. Ook lyk dit nie asof die Khoisan geweet het hoe om rotse uit te breek nie. Sodanige vaste rotse het hulle laat staan waar hulle was of die fondament van die vywer daarvoor getrek. Die vloer van die vywer het dan bestaan uit keiklippe van die grootte van 'n vuis of minder. As die fundamente gelê was, word die klippe binne die sirkel opgeneem om die muur op te bou, tot op 3 vt hoogte by die diepste plek. Die muur was steiler aan die binnekant as na die seekant toe. In sommige vywers vind ons ook nog kleinere vangplekke by rotse of dergelyke om die visse later vas te keer. By hoogwater stoot die see dan oor die vywermuur heen en bring die vis in, waarvan sommige by sakwater vergeet om vroegtydig genoeg oor die muur heen die vywer te verlaat en dan hom aan die gevaar bloot te stel om gevang te word.

Dat die vywers in Stilbaai oud is, word geboekstaaf deur die eerste Duinevoortrekker na Stilbaai, wat dit aan sy kinders vertel het dat hy die vywers daar gekry het, t.w. in 1810-20. In dié dae het daar ook nog wilde Boesmans by Windvoëlspunt (wat later deur Engelse seevaarders verdoop is met "Morris Point") gehou het en al langs die kus oor na Jongensgat "Caves", Groot-, Kleinjongensfontein na Duiwenhoks Rivier toe. Of hulle aan die Hessequa of aan die Attaqua stam behoort het, kan slegs deur die taalgeleerdes vasgestel word, wanneer ons daartoe oorgegaan het om die ou plaasname soos Wankoes, Kragga ens te versamel en vir ons nageslagte op te bewaar – ipv om hulle te verdoop.

Die kombuisafvalplekke op die sandkoppe al langs die kus op, ook by Platbosch, lewer oorfloediglik bewys dat die Khoisan wat by Stilbaai gewoon het, baie van vis gehou het. Vis groot en klein, benewens skulpdiere van alle soorte, ook groot vis wat uitgespoel het, word nie verag nie. Wie wil sê dat sulke uitgespoelde, maar nog lewende visse die ou mense nie op die gedagte gebring het om vywers te bou nie? Dat al die visgrate by die kombuisplekke van aangespoelde vis sou stam, is nie goed denkbaar nie; daar is ten enemale te veel van die goed voorhande.

Maar daar is aantekens dat die vywers deur die Khoisan oorgeneem is van vroeëre mense. Selfs by die ouere "Wilton" kombuisplekke vind ons nog visgrate. En waar uit die "Stilbaai-Kultuur" geen graat meer oorleef het nie, tog vind ons – in die vywers self – van hulle klipwertuie (Middel Steentydperk), terwyl van daardie tyd se kombuisplekke een -12 vt diep – in die holte agter die eerste ry erwe gevind is, 'n laag skulp vas aan mekaar verkalke (brecchia). In sodanig skulpgruis sit ook die Middel Steentydperk werktuie in die vywers en word daardeur teen die afslyting bewaar.

Dit is heeltemaal nie uitgeslote nie dat ook die allereerste SA mense (Stellenbosch Periode) visvangs beoefen het, want ook van hulle werktuie is daar gevind oor die hele afstand van die ou vissloepie tot by die vywer voor mnr Rahl (Rabe?) se huis. Die naaste Stellenbosch stasie daarvandaan is die kalkrant in die plantasie by Platbosch. Dat hier in die vywers hul teenwoordigheid te wyte is uitsluitlik aan die pragtige fontein aan die oewer by ontstentenis van kalk en so laag by die water, sien verby die feit dat hulle woonplek elke maand tweemaal aan oorswemming deur vloedwaters blootgestel is, soos trouens vandag nog. Ook lewer Lappiesbaai die bewys dat ons kus gerys het – nie gesak het nie. Nee, die allerwaarskynlikste (is) dat by die oermense reeds vis op die Spyskaart ruim verteenwoordig gewees het.

Gewoonlik hoor 'n mens, dat die eerste vywers in Kaapland deur slawe wat van Oostindie ingevoer is, gebou word het. Dit verklaar geensins die bestaan van die vywers in Suidwest, beide langs die kus en verder in die binneland aan die riviere nie. In Klaatsch se laaste boek "Opkoms van die Mensdom en die Ontstaan van Kultuur" vind ons op tafel 19 'n prent van 'n vywer van die kus van Australie wat so te sê 'n portret uitmaak van een van die oudstes in Stilbaai. Hy vermeld daar dat soortgelykes ook op sommige Suidsee-eilande ook gevind word.

En al die eeue deur het Stilbaai die mensdom aangelok deur sy stilte, sy visrykdom, sy gesonde lug en heerlike natuur.